

# St. Louis IX
# 25 Augustus

(1215-1270)

Hierdie merkwaardige koning van Frankryk se koningskap was hoe hy sy Christenskap uitgeleef het. As koning het hy in vrede probeer leef met sy buurlande, terwyl sy voorbeeldige gesinslewe en omgee vir sy mense van Frankryk ’n modelstaat gemaak het. By natuurrampe en epidemies het hy nie net beleefdheidsbesoeke aan die slagoffers gebring nie, maar self ingespring om hulle by te staan. Hy bou die pragtige Sainte-Chapelle in Parys en doen alles in sy vermoë om geloofsopvoeding en Christelike waardes deel te maak van die samelewing. As lid van die derde orde van die heilige Franciskus was hy nie net ’n man van adel deur sy geboorte nie, maar veral deur sy manier van lewe.

© Die Oratorium Uitgewery